

Noordelike sinode

VERSLAG: TAAKSPAN BEDIENINGSONDERSTEUNING

Sinodesitting 16 tot 20 Oktober 2022

1. SAMESTELLING EN BELEID

Taakspanlede

Die 3 sinode-aangewese lede wat die kern van die taakspan gevorm het, is Paul Grobler (taakspanleier), Johan Kruger en Rehan Rheeder.

Elke individuele taakspan word saamgestel uit verteenwoordigers van die gemeente (soos deur die gemeente aangewys), ring (soos deur die ring aangewys), die ringsverteenwoordiger (RVF) en drie permanente lede soos deur die SDR aangewys. (Die RVF is verkieslik nie die enigste verteenwoordiger van die ring wat as lid van die Taakspan aangewys word nie.)

1.1.1. D.m.v. bedieningsondersteuning wil die Sinode die speelveld tussen gemeentes in verskillende sosio-ekonomiese gebiede gelyk maak.

1.1.2. Indien 'n gemeente oordeel dat bedieningsondersteuning nodig is, word die ring met 'n gemotiveerde aansoek genader. Dokumente wat hier ter sprake is, is die gemeente se nuutste geouditeerde state, 'n tot-datum proefbalans, die gemeente se begroting met vergelykende syfers vir jaar-tot-datum-werklik, asook enige ander finansiële inligting wat die aansoek kan ondersteun.

1.1.3. Indien die ring oordeel dat ondersteuning meriete het, maar dat die ring dit nie uit eie fondse en hulpbronne volledig kan hanteer nie stuur die ring die aansoek aan die rekenmeester by die Sinodehuis.

1.1.4. Alle sodanige aansoeke word dan deur 'n taakspan bestaande uit verteenwoordigers van die gemeente en die ring, asook lede aangewys deur die SDR, gehanteer (sien ook 1.2).

1.1.5. Indien daar nie deur die taakspan konsensus bereik kan word oor die aansoek nie, tree die dagbestuur van die SDR (moderatuur) as fasiliteerder op en indien daar steeds nie 'n uitkoms is nie, word dit na die SDR verwys vir arbitrasie.

1.1.6. indien daar deur enige van die gestaltes van die sinode 'n behoefte aan bedieningsondersteuning by 'n gemeente geïdentifiseer word, word 'n taakspan deur die direkteur gekonstitueer.

1.1 Die Ringsverteenwoordiger vir Finansies

1.1.1 Vir die doel van skakeling m.b.t. finansies tussen die SDR en gemeentes, wys elke ring 'n Verteenwoordiger vir Finansies (RVF) aan.

1.1.2 Die RVF word verkieslik vir nie minder nie as 4 jaar aangewys, van sinodesitting tot sinodesitting.

1.1.3 Ter wille van gesonde kommunikasie rakende finansies, word die RVF adviserend deur die ringskommissie betrek by alle aangeleenthede rakende finansies.

1.1.4 In enige geval waar die Taakspan vir Bedieningsondersteuning konstitueer om 'n aansoek rakende 'n ringsgemeente te hanteer, of vir welke rede wat finansies raak, is die RVF ex officio lid van die Taakspan.

1.1.5 In enige saak rakende finansies is die RVF die eerste punt van aanmelding vir óf die ring/gemeente óf die kantoor van die direkteur.

1.1.6

2. Die Rol van die Ringskommissie

Wanneer 'n versoek om bedieningsondersteuning, hetsy die afskryf van fondse verskuldig aan die sinode of ander finansiële ondersteuning, na die RK verwys word, oordeel die RK oor die meriete van die geval. Die RK kan nie 'n besluit neem oor sinodale fondse nie. Indien besluit word dat die geval meriete het, moet dit via die ringsverteenvoordiger verwys word na die Taakspan vir Bedieningsondersteuning.

3. Bedieningshulp verleen: 2016 tot 2022

In gesprekke met 39 gemeentes, twee kampterreine en die CMR is daar 'n bedrag van **R3 379 550** aan toekennings uitbetaal vir die tydperk:

Gemeentes	R2 556 448
Kampterreine	783 180
CMR	39 922